PARLIAMENT
OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

LUG U MENING!

OPROEP OM OPENBARE INSETTE

PORTEFEULJEKOMITEE OOR LANDBOU, GRONDHERVORMING EN LANDELIKE ONTWIKKELING OOR WYSIGINGSWETSONTWERP OP LANDBOUPRODUKSTANDAARDE [B15 – 2021]

In ooreenstemming met die Parlement se kerndoelwit om openbare deelname en betrokkenheid by wetgewende prosesse te fasiliteer, nooi die Portefeuljekomitee oor Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling belangstellende individue en pertinente belanghebbendes uit om skriftelike kommentaar oor die **Wysigingswetsontwerp op Landbouprodukstandaarde [B15 – 2021] in te dien en die belangstelling om 'n mondelinge voorlegging daaroor te doen, voorts aan te dui.**

Die **Wysigingswetsontwerp op Landbouprodukstandaarde** beoog om die Wet op Landbouprodukstandaarde, 1990, te wysig om definisies in te voeg en ander te vervang; om voorsiening te maak vir die ouditering van 'n produk vir bestuursbeheerstelsels; om voorsiening te maak vir die vasstelling van tariewe deur gevolmagtigdes op 'n kosteverhalingsgrondslag; om verdere bepalings vir die Minister op te stel ten einde regulasies met betrekking tot oudit- en bestuursbeheerstelsels op te trek; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Skriftelike voorleggings moet teen nie later nie as Vrydag, 30 September 2022, gerig word aan me Albertina Kakaza en geaddresseer wees aan die Portefeuljekomitee oor Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling, Derde Vloer, Pleinstraat 90, Kaapstad, 8000; of per e-pos aan PCALRRD@parliament.gov.za gestuur word of na 086 694 3529 gefaks word. Benewens die skriftelike kommentaar, moet u asseblief aandui of u daarin belangstel om 'n mondelinge voorlegging te doen. Afskrifte van die wetsontwerp kan by me Albertina Kakaza, by selfoonnommer 083 709 8391, of op die webwerf www.parliament.gov.za verkry word.

Uitgereik deur Nkosi Z M D Mandela; Voorsitter van die Portefeuljekomitee oor Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling.

Parliament – Following up on our commitments to the People – Making your future work better